## KONTAKBESONDERHEDE

**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer**

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (**LW NIE** jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.
**QR kode op binneblad.**



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Annelie | Mostert | 05/24 |
| Jeanetta | Swart | 05/24 |
| Johann | Gouws | 05/25 |
| Elzabie | van Graan | 05/25 |
| Marietha | Wessels | 05/25 |
| Hester | Swart | 05/26 |
| Jordan | Wiseman | 05/26 |
| Wilmé | Parsons | 05/27 |
| Friederich | Traut | 05/27 |
| Annette | Uys | 05/27 |
| Van Zyl | Marais | 05/28 |
| Lidia | Laing | 05/29 |
| Marietjie | Maree | 05/30 |
| Marguerite | van Wyk | 05/30 |

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

24 Mei 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
**Pinksterfees**
10h00 Struisbaai
Spesiale kollekte:
Bybelverspreiding
Kategese
**Dinsdag**
10h00 Angs-en Depressiegroep
18h30 Kerkraad
**Woensdag**
17h00 Gebedsgeleentheid
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie
Hoenderbraai
Jeugfunksie

**Sondag 31 Mei**
10h00 Struisbaai
Nagmaal
Kategese
Spesiale kollekte:
Veritas

**NUWE LIDMATE:**
Ons verwelkom belydende lidmate Brand en Antoinette Rossouw van NGK Heidekoppie en Thys Pretorius van VGK Napier .

**DANKIE VIR**
1. Nico Fourie wat kophou en kalm bly as die rekenaar vashaak.
2. Die HOENDERBRAAISPAN wat weer Vrydag woeker.
3. Carin en Erik Burger se inisiatief om linne, komberse en klere van Struisbaai af saam te neem Bonnievale toe vir vloedslagoffers. Raadslid Daniël Baadjies het dit in ontvangs geneem. Hy sorg vir 50 gesinne daar.
4. Die Barmhartigheidspan en almal wat skenkings gebring het vir vloedslagoffers.
5. Heidi Coetzee wat die skenkings wat nie plek kon kry op Erik se bakkie nie opgelaai en gaan aflaai het by Packtown in Bredasdorp wat dit by Malgas sal aflaai vir vloedslagoffers.
6. Terugvoering van Kenianuus deur Kobus Meyer.
7. Myra Malan se insette met die opstel van advertensies op sosiale media.
8. Erika Steyn wat die allermooiste Pinksterstasies geskep het.
9. Die ekstra moeite wat gedoen is met Pinkster: sop en broodjies, kuns, preke, dekor.
10. Dankie vir elke lidmaat wat ons gemeente se arms versterk.

**Teksvers:** Efe2 vers 10: Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

## Ons bid vir...

1. Bybelverspreiding.
2. Dinsdag se Kerkraadsvergadering.
3. Ons koor, Christa-Marié en Karin se deelname Saterdag aan Bredasdorp NG Kerk se MUSIEK-KONSERT.
4. Die VLOEDSLAGOFFERS en almal wat betrokke is by herstel en opruim van stormskade.
5. Almal wat hulle in die storms van die lewe bevind, vir krag, geloof en ondersteuning.

**NAGMAAL - NOODSPENS**

Ons neem op 'n Nagmaalsondag nie-bederfbare kruideniersware, toiletware en/of skoonmaakmiddels kerk toe vir ons noodspens. Bring net wat jy kan. Daar is mandjies in die Kerk se portaal.

## Vir ons kinders

### WAT IS PINKSTER EN HOEKOM VIER JY DIT?

Op 24 Mei vanjaar vier ons Pinkstersondag. Pinkster beteken 50 in Grieks. Pinkstersondag is presies 50 dae na Paassondag, die dag waarop Jesus uit die dood opgestaan het.

Pinkster is die verjaarsdag van die oorspronklike Ekklesia (kerk), want die eerste Pinksterfees word in die Christelike tradisie as die stigtingsdatum van die kerk beskou.

Die Heilige Gees is op die dissipels uitgestort in die vorm van vuur en wind.

Die vlamme van die Heilige Gees het vir Jesus se dissipels moed en woorde gegee om te vertel van Jesus se dood en opstanding. Dink aan 'n vuurpyl wat krag nodig het om op te styg. Die vuur onderaan help die vuurpyl om op te styg.

So gee die Heilige Gees vir ons ook krag en moed om te getuig. Ons getuig nie net deur ons woorde nie, maar ook deur ons optrede en goeie dade. Dink 'n bietjie hoe jy die volgende situasies sou hanteer, iemand:

1. is siek. Wat sal jy sê of doen?
2. skryf eksamen. Hoe sal jy hom bemoedig?
3. vra waar in die natuur jy die Here ervaar. Wat sal jy sê?
4. vra jou wat Pinkster is en hoekom jy dit vier. Wat sal jy sê?
5. gaan deur 'n moeilike tyd. Vertel hoe Jesus jou gehelp het deur 'n moeilike tyd.
6. vra jou hoe jy al gegroei het in jou geloof. Watter raad sal jy vir hom gee?

Pinkster is vir baie Christene 'n tyd van oordenking, gemeenskapsbou en feesviering.

## Doen & Deel

### HOENDERBRAAI -29 Mei

Bestel lekker hoender en slaai by Johan Hattingh. Dit kos R60 per porsie. Poeding @ R15. Jy kan dit van 17h00 tot 18h00 by Struisbaaikerk kom afhaal. Kontak Johan betyds by 083 286 3976 as jy wil bestel. Fondsinsameling vir Kenia.

Ek is op soek na leë klein yoghurtbakkies. Lewer in by die Kerkkantoor of skakel 0827191292 dan sal ek dit by u huis kom haal. Die wat 6 aanmekaar vas is.
Dankie. Lida Rossouw.

Ek soek asb weer 1lt jogurtbakkies en enige grootte margarienbakkies. Merk asb: Marietjie. Baie dankie.

Persone wat belangstel om deel te wees van MSINGA-uitreik, 28 Junie tot 10 Julie, kontak asb.vir Kobus Meyer by 084 514 2838.